
# Verkry oorwinning



Deel 2
(Oorwin die
wêreld)



2022-11-13

AGS Rayton
Past Gustav van Aardt

## Oorwin Die Wêreld

1Joh 5:1 Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore; en elkeen wat die Vader liefhet, het ook die een lief wat uit Hom gebore is. 2 Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie bewaar. 3 Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie. 4 Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof.
5 Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?

## Jou liefde vir die Vader en die Seun

1Joh 5:1 Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore; en elkeen wat die Vader liefhet, het ook die een lief wat uit Hom gebore is.

- **Glo Jesus is die Christus**
- **Glo Hy is uit God gebore**
- **Liefde vir God die Vader**
- **Liefde vir Jesus die Seun**

## Jou Liefde Vir Die Kinders Van God

1Jn 5:2 **Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet** en sy gebooie bewaar.

- **Jou liefde begin by God die Vader**
- **God se gebooie bewaar**
- **Dan sal ons ook kinders van God liefhê**
- **God se genade en redding skyn in hulle**
- **Ons sien Sy beeld in mekaar as kinders van God**
- **Deur wat binne Sy kinders is, het ons dus God ook lief**

## Bewaar Sy gebooie

1Jn 5:2 Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet **en sy gebooie bewaar**. 3 Want dit is die liefde tot God, **dat ons sy gebooie bewaar**; en sy gebooie is nie swaar nie.

- **Ons het die kinders van God lief omdat ONS sy gebooie bewaar**
- **Gebooie = Sy opdragte, instruksies en lering**
- **Om Sy gebooie te bewaar benodig 'n gees wat verlang en hunker na God se stem, en om jou daarin te verbly.**
- **Dit behoort nie moeilik te wees nie.**

**Psa 119:32 Ek sal op die weg van u gebooie wandel, want U verruim my hart.**

- **Ons liefde tot God word bewys deur hoe ons Sy gebooie bewaar**

## Weergeboorte

1Jn 5:4 **Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld**; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof.

- **Word weergebore**
- **Deur bekering sal jy die wêreld oorwin**
- **Die ou mens moet sterf**
- **Deur bekering wend jy jou tot Jesus Christus**

1Joh 5:1 **Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore**; en elkeen wat die Vader liefhet, het ook die een lief wat uit Hom gebore is.

## Geloof Bring Oorwinning

1Jn 5:4 Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; **en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof.**

- **Geloof is die rede vir oorwinning**
  **- Ons klou vas aan Jesus Christus**
  **- Geloof in Christus, en ons liefde vir Hom, trek ons weg van die wêreld**
  **- Geloof reinig ons harte**
  **- Geloof trek krag uit Christus**
  **- Dit maak die deur oop vir die Heilige Gees**
  **- Dit stel ons bloot aan die bonatuurlike**

## Oorwin Die Wêreld Deur Jesus Christus

1Jn 5:5 Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?

- **Deur bekering wend jy jou tot Jesus Christus**
- **Die ware Christen is 'n oorwinnaar van die wêreld**
- **Die wêreld staan tussen ons en die Hemel.**
- **Ons sal die wêreld MOET oorwin.**
- **Aanvaar en wees tevrede die wêreld is ons vyand**

1Jn 2:15 Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. 16 Want alles wat in die wêreld is—die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe—is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. 17 En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig.

Gal 1:4  wat Homself gegee het vir ons sondes, sodat Hy ons kan uitred uit die teenwoordige bose wêreld, volgens die wil van onse God en Vader,

Gal 6:14  Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld.

# Gees Van God vs gees van die wêreld

1Kor 2:12  Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het.

Rom 8:15  Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!

Rom 8:13  want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe.

1Jn 4:3 en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld.

**Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is.**
**1Jn 4:4**

1Jn 4:5 Hulle is uit die wêreld; daarom praat hulle uit die wêreld, en die wêreld luister na hulle.

## Oorwin die wêreld

- Liefde vir die Vader en die Seun
- Liefde vir God se kinders
- Bewaar God se gebooie
- Weergeboorte (bekering)
- Geloof bring oorwinning
- Oorwin die wêreld deur Jesus
- Gees van God vs gees van wêreld

# AGS Rayton se Visie

**"ONS VOLG JESUS CHRISTUS, DIE LIG VAN DIE WÊRELD, DEUR TE WANDEL SOOS KINDERS VAN DIE LIG"**



13